**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèlnommer : A15/2007

In die saak tussen:-

**SENTRAAL SKRYNWERKE** Appellant

en

**JACOBUS GORDON** Eerste Respondent

**HJM KONSTRUKSIE** Tweede Respondent

---

**CORAM:** BECKLEY, R *et* VOGES, WND R

---

**AANGEHOOR OP:** 29 OKTOBER 2007

---

**UITSPRAAK:** VOGES, WND R

---

**GELEWER OP:** 15 NOVEMBER 2007

---

[1] Die appellant het in die landdroshof van die eerste en tweede respondente, sowel as 'n derde en vierde verweerder gevorder:

1. Betaling van die bedrag van R54 339,12;
2. Rente op voormelde bedrag @ 15,5% p. j. *a tempora morae*;

3. ‘n Bevel uit hoofde waarvan gelas word dat die onsuksesvolle verweerder en/of verweerders aanspreeklik is vir die koste van die suksesvolle verweerder en/of verweerders;

4. Koste van die geding plus BTW; en

5. Verdere en/of alternatiewe regshulp.

[2] Die grondslag van die eis is as volg uiteengesit:

Paragraaf 3:

“Gedurende Desember 2002 het eiser aan eerste verweerder, alternatiewelik tweede verweerder, alternatiewelik derde verweerder, alternatiewelik vierde verweerder, alternatiew*elik ‘n vennootskap tussen eerste en derde verweerder alternatiewelik ‘n vennootskap tussen tweede en vierde verweerder, alternatiewelik ‘n vennootskap tussen tweede en derde verweerder, alternatiewelik ‘n vennootskap tussen eerste en vierde verweerder, goedere verkoop en gelewer op verweerder soos in hierdie paragraaf uiteengesit, se spesiale aandrang en versoek in die totale bedrag van R54 339,12, welke bedrag reeds opeisbaar en betaalbaar is”* en verder

Paragraaf 4:

> "*Eiser is onseker welke verweerder, alternatiewelik welke verweerder in sy hoedanigheid as lid van welke vennoootskap regtens aanspreeklik is vir betaling van voormelde bedrag, welke bedrag die verweerders weier en/of versuim om te betaal."*

[3] Tydens die verhoor was dit gemene saak dat die eiser reeds vonnis by verstek geneem het teen die derde en vierde verweerders.

[4] Ter aanvang van die verrigtinge is die verhoorhof gevra om in terme van Reël 29(4) van die Landdroshowereëls te beslis oor 'n regsvraag. Namens die respondente is aangevoer dat die eiser nie regtens 'n vonnis teen die twee respondente kon verkry nie omdat hy in die alternatief van die onderskeie verweerders geëis het en reeds vonnis teen die derde en vierde verweerders verkry en dus 'n eleksie gemaak het.

[5] Sonder om te antwoord op die respondente se betoog *in limine* het die eiser aansoek gedoen vir 'n wysiging *in facie curiae* van paragraaf 4 van die besonderhede van vordering

deur die woorde “en/of verweerders” in te voeg na “eiser is onseker welke verweerder” en deur die bede van die eiser te wysig na/vervang met “Derhalwe vorder eiser van eerste, alternatiewelik tweede, alternatiewelik derde, alternatiewelik vierde, alternatiewelik van sodanige verweerders as wat die hof mag bevind teenoor eiser aanspreeklik is (gesamentlik en afsonderlik indien die hof bevind dat meer as een verweerder dus aanspreeklik is)”.

[6] Die respondente het teen hierdie aangevraagde wysiging beswaar gemaak op grond daarvan dat só ‘n wysiging sou neerkom op die terugtrekking van ‘n positiewe erkenning en tot nadeel van die twee respondente sou wees.

[7] Nadat die saak uitgestel was vir uitspraak het die verhoorhof uitspraak gegee op sowel die eiser se aansoek om wysiging van die besonderhede van vordering, sowel as die regsvraag *in limine* geopper deur die verweerder.

[8] Ten aansien van die punt *in limine* bevind die verhoorhof as

volg:

*"The view of the court is that the plaintiff by taking judgment against the third and fourth defendants has unequivocally committed himself to these defendants, and therefore the claim against the first and second defendant cannot succeed."*

[9] Ten aansien van die aangevraagde wysiging lui die bevinding:

"… I agree with mr Snyman *that the amendment if granted shall have the effect of withdrawing a formal admission and therefore according to the authority before me evidence should have been presented for such withdrawal. Secondly the withdrawal of the admission shall prejudice the defendants in their defence, which is that the plaintiff has already committed himself unequivocally to the third and fourth defendants. Based on the above points the amendment is refused.*

*In passing I wish to point out that even if the amendment in paragraph 4 was allowed, it would not cure the particulars of claim, particularly paragraph 3 where the defendants have been cited. This is because all the defendants have been cited in the*

*alternative."*

[10] Die appellant kom nou in hoër beroep na hierdie hof teen bogenoemde bevindinge.

[11] AD AANSOEK OM WYSIGING VAN BESONDERHEDE VAN VORDERING:

Beide mnr Snyman sowel as die verhoorlanddros was duidelik verkeerd in hul siening dat die wysiging van die besonderhede van vordering, soos deur die appellant versoek, sou neerkom op 'n terugtrekking van 'n formele erkenning. Wat die appellant gewysig wou hê was bloot 'n bewering in die pleitstukke.

Bewerings in pleitstukke is bloot net dit: bewerings, en nie erkennings nie. Dit is dan ook deur mnr Snyman, vir die respondent, toegegee.

In elk geval was die gewraakte bewerings in die onderhawige saak in die verweerskrif ontken. Dit kon nooit as erkennings aangemerk word nie.

[12] Die landdros se bevinding dat die respondente benadeel sal word deur "withdrawal of the admission" kan gevolglik eweneens nie staande bly nie.

[13] Die appellant poog bloot om paragraaf 4 van die besonderhede van vordering te wysig. Word egter gelet op paragraaf 3 van sy pleitstukke word daarin beweer dat goedere verkoop en gelewer was "op verweerder" (enkelvoud) en wel aan

1. eerste verweerder, alternatiewelik;
2. tweede verweerder, alternatiewelik;
3. derde verweerder, alternatiewelik;
4. vierde verweerder, alternatiewelik;
5. 'n vennootskap tussen eerste en derde verweerder, alternatiewelik;
6. 'n vennootskap tussen tweede en vierde verweerder, alternatiewelik,
7. 'n vennootskap tussen tweede en derde verweerder, alternatiewelik;
8. 'n vennootskap tussen eerste en vierde verweerder.

In geeneen van bogenoemde vooropstellings lê die appellant (eiser) 'n basis vir die gesamentlike aanspreeklikheid van al

vier verweerders, hetsy persoonlik of as lede van 'n vennootskap, nie.

Eerste en tweede respondente, net soos derde en vierde verweerders, word slegs in die alternatief aanspreeklik gestel en geensins gesamentlik of as vennote van 'n gestipuleerde vennootskap soos omskryf in paragraaf 3 van die besonderhede van vordering nie.

Op die beste beroep die appellant hom in die Besonderhede van Vordering op die aanspreeklikheid van een individu of een vennootskap.

[14] Selfs 'n wysiging van paragraaf 4, op die wyse soos deur die appellant aangevra, sou nie die appellant geregtig maak op vonnis teen al vier die verweerders, gesamentlik en/of afsonderlik, nie.

[15] Appellant beroep hom op artikel 42 van die Wet op Landdroshowe, 32 van 1944, in soverre dit beweer word dat hy onseker is welke verweerder regtens teenoor hom

aanspreeklik is. Artikel 42 verg egter dat in die dagvaarding beweer moet word dat skade gely is.

In die onderhawige geding vorder die appellant spesifieke nakoming en nie skadevergoeding nie, en bygevolg is die bepalings van artikel 42 nie van toepassing nie.

Deur summiere vonnis teen die derde en vierde verweerders te neem, het die appellant se onsekerheid ten aansien van welke verweerder teenoor hom aanspreeklik is, verval. Hy eis slegs in die alternatief van die onderskeie verweerders. Aangesien hy verkies het om sy vordering teen derde en vierde verweerders af te dwing deur vonnis te verkry teen daardie verweerder, is hy nie geregtig om 'n verdere verhaalsreg teen die eerste en tweede respondente nie. Dit blyk ook nie korrek te wees dat vonnis in hierdie omstandighede teen sowel derde as vierde respondent verkry is nie.

[16] Dit is gemeensaak dat die verhoorlanddros nie die appellant

aangehoor het ten aansien van die regsvraag gestel deur die respondente alvorens uitspraak daaroor gegee is nie. 'n Onreëlmatigheid het dus plaasgevind.

Appellant het in sy betoogshoofde gevra dat hierdie Hof die appèl op "alle bene" sal laat slaag aangesien die landdros reeds ten opsigte van die punt *in limine* beslis en sy houding openbaar het. Tydens argumentering van die appèl is egter aangevoer dat, sou die appèl nie slaag ten aansien van die aansoek om wysiging nie, die saak terugverwys moet word vir verdere verhoor van die punt *in limine*.

Vanweë die landdros se versuim om die *audi alteram*-reël toe te pas, is ek van mening dat hieraan gevolg gegee moet word.

[17] Die volgende bevel word bygevolg gemaak:

1. Die appèl teen die weiering van die aansoek om wysiging van die Besonderhede van Vordering word afgewys, met koste.
2. Die saak word na die verhoorhof terug verwys vir verdere

verhoor van die punt *in limine*.

**M. VOGES, WND R**

Ek stem saam.

**A.P. BECKLEY, R**

| | |
|---|---|
| Namens die appellant: | Adv. H.J. Benade<br>In opdrag van:<br>Naudes<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondente: | Adv. C. Snyman<br>In opdrag van:<br>Lovius-Block<br>BLOEMFONTEIN |

MV/sp